

31 Desember

Hebreërs 11:23-40 (11:27)

Sien die onsienlike

Dit klink soos 'n teenstelling: Sien die Onsienlike. Hebreërs 11:1 verklaar egter vir ons hoe 'n mens die Onsienlike kan sien. Daar staan geloof is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. In die geloof kon Moses die Onsienlike sien. Trouens, in die geloof kon al hierdie gelowiges in Hebreërs 11 die geloofstryd stry omdat hulle die Onsienlike gesien het. En die Onsienlike is God self. Dit is vir God wie Moses met die geloofsoë kon sien. Moses kon so maklik vasgekyk het in sy omstandighede, die woedende koning, die duisende strydwaens en perderuiters. Maar wat sien Moses? Die feit dat die Egiptenare hulle in 'n oomblik kon aanval en vernietig? Nee, sy omstandighede verblind hom nie om die Onsienlike te sien nie. Soos al die gelowiges van Hebreërs 11 sien Moses die ware toedrag van sake. Moses het hom nie blind gestaar teen mense nie. Moses het besef met Wie het hy te make. Hy besef voor Wie se aangesig hy staan. Daarom kon hy enduit volhou. En vandag, wat gaan u sien? Gaan u vaskyk in die verwagtinge van mense, in die besluite wat u moet neem, al die werk wat moet klaarkom, al die frustrasies van 'n besige program? Kan dit wees dat u al gedink het om maar tou op te gooi? Om te sê: Genoeg is genoeg, ek kan en wil nie meer nie. As 'n mens bly vaskyk in die sienlike dinge dan moet jy die een of ander tyd handdoek ingooi. Maar die gelowige wat weer biddend, in die geloof die Onsienlike sien, sal kan volhou. Met elke besluit en gebeurtenis in my besige dag moet ek die Here voor oë hou. Alles doen ek voor sy aangesig. Daarom vrees ek nie die sienlike wêreld nie maar ek aanbid die Onsienlike God. Sien in die geloof die Onsienlike God en u sal die geloofswedloop enduit kan hardloop en 'n nuwe jaar kan begin.

Sing: Psalm 104:19-21

Ds. R.A. Bain (Senekal)